# HOOFSTUK EEN

Daar moet 'n manier wees om uit hierdie nagmerrie wakker te skrik, dink Poppie Viljoen. Sy rek haar oë. Knyp haarself. Hoes.

Niks help nie.

Uur na uur jaag die luukse motor in die nagdonkerte voort.

Al verder weg van Mischke en Asherel en Mikayla af. Al verder van Newton Laerskool en die bekende menere en juffroue en van die stad af. Na die Swartwoud Kinderhuis toe, het oom Frank en tannie Gwen van die welsyn vir haar gesê.

Mischke het haar probeer troos. "'n Kinderhuis kan soos jou eie huis wees. Die meeste huistannies en -ooms is cool." En Mischke sal weet waarvan sy praat.

Verder en verder seil die luukse motor oor die lang swart lint wat in die hoofligte voor hulle uitstrek.

Oom Frank se hande hang nou al moeg aan die stuurwiel. In die silwerring aan sy vinger pronk 'n knewel van 'n saffier.

Op die agtersitplek hou Poppie Oupa se viooltas op haar skoot vas.

Sy probeer om die meeste van die tyd deur die kantvenster na die maan en die sterre te staar, want oom Frank laat haar rugvel kriewel elke keer as hy in die truspieël na haar loer. Hy het seker in sy jongdae rugby gespeel, want ʼn blomkool kleef aan weerskante van sy kaal kop.

Hoe kan enige mens enige iets met sulke ore hoor?

Tannie Gwen draai in haar sitplek om. ʼn Klos goue draadjies hang aan ʼn kettinkie om haar nek. "Dis nog meer as ʼn uur se ry na die Swartwoud Kinderhuis, Poppie. Probeer slaap."

"Ek kan nie slaap nie, Tannie."

"Dink jy aan Mamma?"

Sy knik. ʼn Traan rol warm oor haar wang.

Die werkers het net begin om die graf toe te gooi, toe dwing tannie Gwen en oom Frank haar agter in hierdie swart motor met die swart leersitplekke in. Terwyl die ruite met ʼn zoem toegeskuif het, kon sy die grawe nog hoor skep en gooi.

"Kyk net hoe heerlik kuier Lusapho in droomland," sê tannie Gwen.

Hy lê langs haar op die sitplek onder ʼn bont kombers opgekrul. Sy blink, kaal kop is al wat uitsteek.

Hulle het hom by ʼn hospitaal in die stad opgelaai. Hy is ook van die Swartwoud Kinderhuis, het tannie Gwen gesê. Lusapho Gaba is sy naam – ʼn lang seun met ʼn boggel en oë wat lyk of hulle geskrik en toe so bly staan het.